

# DIE "HUWELIKSAANSOEK" VAN PAUL KRUGER: 'N OORLEWERING IN DIE SCHOEMANFAMILIE

O.J.O. Ferreira

*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*

*Universiteit van Pretoria*

*0002 Pretoria*

**The "marriage proposal" of Paul Kruger: a tradition in the Schoeman family**

According to a Schoeman family tradition, Pres. Paul Kruger, while in exile in Switzerland in 1904, proposed to the widow Poppie Maré, daughter of Comdt. Gen. Stephanus Schoeman. Poppie Maré declined the proposal of marriage because Schoeman and Kruger were sworn enemies in the civil strife in the Z.A.R. (1860-1864). Nevertheless she kept the letter from Kruger and requested that it be buried with her.

This article attempts, through techniques of historical criticism, to test the validity of the family lore.

Volgens 'n oorlewering onder die familie Schoeman het pres. Paul Kruger in 1904 tydens sy ballingskap in Switserland 'n huweliksaansoek aan die wed. Poppie Maré, dogter van kmdt.-genl. Stephanus Schoeman, gerig. Poppie Maré het die huweliksaansoek van die hand gewys omdat Schoeman en Kruger tydens die burgerstryd in die Z.A.R. (1860-1864) geswore vyande was. Sy het nietemin Kruger se brief bewaar en versoek dat dit saam met haar begrawe word.

Hierdie artikel poog om deur middel van die toepassing van historiese kritiek die juistheid van die oorlewering te bepaal.

Die wordingsgeskiedenis van enige volk kritalliseer tot 'n baie groot mate rondom 'n aantal leiersfigure wat elkeen op sy eie wyse koers en karakter aan die geskiedenis van hulle tyd gee. Onder hierdie leiers is daar dikwels ook omstrede figure wat binne hulle eie tydvak nie die nodige erkenning kry nie. Een van die Z.A.R. se mees omstrede, maar ook een van die kleurrikste figure, was Stephanus Schoeman, boorling van die Kangovallei en woelkop en stormvoël van pionier-Transvaal. Dat daar mettertyd allerlei mites rondom so 'n figuur sal ontstaan, is byna vanselfsprekend — en Schoeman was geen uitsondering nie.

## 1. Die familie-oorlewering rondom Schoeman

Tydens navorsing vir 'n biografiese studie oor Stephanus Schoeman<sup>1</sup> in die sewentigerjare van die huidige eeu is onderhoude met van sy nasate gevoer en is ander deur middel van korrespondensie gevra om familie-oorlewering aangaande Schoeman op skrif te stel. Op

---

O.J.O. Ferreira, *Stephanus Schoeman in Transvaal* (D.Litt et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1977), later gepubliseer onder die titel *Stormvoël van die Noorde: Stephanus Schoeman in Transvaal* (Pretoria, 1978).

hierdie wyse is ook met P.J. Schoeman kontak gemaak.

Pieter Johannes Schoeman (Fig. 1), skrywer van boeke soos *Die swerwerjagter* (1933), *Op die groot spore* (1942), *Op ver paaie* (1949) en *Waar ver winde waai* (1957),<sup>2</sup> volkekundige en in die sewentigerjare die enigste oorlewende kleinseun van Stephanus Schoeman, is op 20 September 1904 gebore as die seun van Stephanus Schoeman (14 Julie 1858 - 18 April 1943) en sy eeggenote Helena Clasina Smuts (1864 - c.1950) van die plaas St. Helena, distrik Utrecht. P.J. Schoeman se vader, Stephanus (die jong), was 'n kind uit Stephanus (die oue) se huwelik met Elsje Maria Aletta van Heerden (1824 - c.1865). Voor haar huwelik met Stephanus Schoeman was Elsje die weduwee van kmdt.-genl. P.J. Potgieter, wat op 6 November 1854 by Makapaansgrot gesneuwel het. P.J. Schoeman is trouens vernoem na sy vader se stiefbroer, Pieter Johannes Potgieter (1855 - 1911), wat eers na kmdt.-genl. Piet Potgieter se dood gebore is en later die eerste burgemeester van Pretoria geword het.<sup>3</sup>

Op 6 April 1974 het P.J. Schoeman geskryf:

My vader het graag oor sy vader, en Pretoria se ou dae, gesels. Die aangehegte stukkie oor: "Die Loodkoeël in Oupa se Bo-Been", is 'n stukkie uit die gesels. Ek self weet nie of dit feit of fiksie is nie, maar hy het dié storie baie vertel.<sup>4</sup>

Daarna het Schoeman voortgegaan en die agtergrond beskryf waarteen die eintlike verhaal afgespeel het waarby hy wou uitkom. Hierdie agtergrondbeskrywing handel oor die burgerstryd in die Zuid-Afrikaanse Republiek in die sestigerjare van die vorige eeu, die verwonding van Stephanus Schoeman tydens 'n geveg en die persoonlike vetes tussen Stephanus Schoeman en Paul Kruger. Hoewel daar talle feitlike onjuisthede in die stuk voorkom, word die tydgees en atmosfeer van die betrokke tydperk tog treffend weergegee - soos wat 'n mens van 'n woordkunstenaar van die kaliber van P.J. Schoeman sou verwag.

Dan volg die kern van die verhaal. P.J. Schoeman se vader, Stephanus Schoeman (die jong), is aan die woord:

En nou bring ek jou - na al die ompad, by 'n stukkie geskiedenis in die wordingstyd van ons Volk. Ek weet van geen boek waarin dit al opgeteken is nie - dit is immers net iets tussen twee families.

Die Engelse vlag het toe eindelijk ook aan Transvaal en Vrystaat se vlagpale gewapper, en Oom Paul moes as banneling, in Clarence [*sic.*], Switserland, sy laaste dae deurbring. Sy vrou was toe ook al grond toe.

Hy skryf toe, daar uit sy ballingskap, 'n brief aan my oorlede vader se lieflingdogter, en hy vra haar om sy ballingskap as sy vrou met hom te kom deel.

Ons weet nie of sy die brief beantwoord het nie. Aan ons het sy gesê


"My vader is met 'n koeël van 'n Kruger-man, in sy bo-been graf toe. En dié

---

2. G. Dekker, *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (Elsiesrivier, 1963), pp. 324-325.

3. Skriftelike mededeling: P.J. Schoeman, Van der Stelstraat 53, Stellenbosch, 6.4.1974; Afdeling Genealogie, R.G.N., Pretoria: Gesinsblaaie van P.J. Potgieter en S. Schoeman.

4. Skriftelike mededeling: P.J. Schoeman, Van der Stelstraat 53, Stellenbosch, 6.4.1974.



**Figuur 1.** Pieter Johannes Schoeman (1904-1988), skrywer, volkekundige en in die sewentigerjare die enigste oorlewende kleinseun van kmndt.-genl. Stephanus Schoeman (1810-1890), wat die familie-oorlewering aangaande pres. S.J.P. Kruger se huweliksaansoek aan sy tante Poppie Maré op skrif gestel het.

Foto: Dokumentasiesentrum vir Taal, Lettere en Kuns, R.G.N., Pretoria.

koeël het vir my met die jare al hoe groter geword. Ek kan nie by hom verbykom, na Paul toe nie."

Na die brief het sy, net soos haar vader voor haar, sommer net begin opdroog.

Toe sy een oggend dood op haar bed aangetref is, het daar 'n pakkie in wit linne toegedraai, langs haar gelê. Op die pakkie was 'n stukkie papier vasgespelde, en daarop was haar laaste versoek:

"Moet nie my kis toemaak, voordat julle gelees het wat staan binne, op die pakkie geskryf nie."

Ek was saam met ander familieleden in haar kamer, voordat die deksel op die kis vasgeskroef is.

Op haar bors - effens links, het 'n Bybel, en 'n enkele dikkerige koevert, gelê.<sup>5</sup>

Om hierdie oorlewering in historiese perspektief te plaas, is dit nodig om Stephanus Schoeman se lewensloop kortliks na te gaan.

## 2. Stephanus Schoeman se lewensloop

Stephanus Schoeman (Fig. 2) was die seun van Hendrik Schoeman (1770-1828) en sy tweede vrou, Regina Catharina Scheepers (gedoop 1787), en is op 15 Maart 1810 in die Kango, naby die huidige Oudtshoorn, gebore.<sup>6</sup> Die huis waarin hy volgens familie-oorlewering gebore is, staan vandag nog op Schoemanshoek in die vrugbare vallei sestien kilometer noord van Oudtshoorn langs die pad na die Kangogrotte. Hoewel die huis in later jare in 'n waenhuis omgeskep is, die mure hoër gebou en die strooidak deur 'n sinkdak vervang is, het die gebou nog baie van sy oorspronklike vroeg-negentiende eeuse karakter behou.<sup>7</sup>

In die Kangovallei het Stephanus opgegroeï en saam met sy familie al die ontberings van die grensboere meegemaak,<sup>8</sup> maar van sy kinder- en jeugjare is verder niks bekend nie. Sy ferme handskrif en eiehandig geskrewe briewe getuig van 'n redelike skoolonderrig. Volgens destydse standaarde was Stephanus se ouers redelik welvarend.<sup>9</sup> By geleentheid het die voormalige Minister van Landbou, Hendrik Schoeman, in die Volksraad na die nakomelinge van Hendrik Schoeman wat nog steeds in Schoemanshoek woon, as "fynlakenmense" verwys.<sup>10</sup>

---

5. Skriftelike mededeling: P.J. Schoeman, Van der Stelstraat 53, Stellenbosch, 6.4.1974.


6. D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa IX* (Cape Town, 1973), p. 517; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families I* (Kaapstad, 1966), pp. 33-34, en *III* (Kaapstad, 1966), pp. 838 en 853-854; Kaapse Argiefbewaarplek (hierna K.A.B.), Kaapstad: M.O.O.C. 6/9/79, n.p.: Sterfkennis nr. 4676, Regina Catharina Scheepers.

Skriftelike mededeling: H.O. Schoeman, Schoemanshoek, 1.7.1974 en 29.7.1974.

G. Aucamp (red.), *Suid-Afrikaanse heldegalery* (Kaapstad, 1947), p. 67. Die betrokke lewenskets is deur Johan Schoeman, 'n kleinseun van Stephanus Schoeman, geskryf.

K.A.B.: M.O.O.C. 7/1/108, n.p.: Testamente nrs. 60 en 61, Hendrik Schoeman en Regina Catharina Scheepers, 6.10.1816 en 24.7.1827.

10. Republiek van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad (Hansard), Vierde sessie — vierde parlement, 5-9.3.1973*, kolom 220.



**Figuur 2.** Stephanus Schoeman (1810-1890), kommandant-generaal en waarnemende president van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Sy dogter Poppie Maré is na oorlewering deur pres. S.J.P. Kruger om haar hand gevra.  
Foto: D.S.M. Potgieter, Eeufesstraat 167, Pretoria-Noord.

Schoeman was nie 'n Voortrekker nie, maar het in 1837 saam met twee van sy broers 'n verkenningstog in 'n vierperdewa na die binneland onderneem<sup>11</sup> en hom uiteindelik in die omgewing van Pietermaritzburg gevestig.<sup>12</sup> As vurige ondersteuner van A.H. Potgieter het hy vroeg in 1847 na Mooirivier in die Oor-Vaalse gebied verhuis,<sup>13</sup> waar hy spoedig tot kommandant van Potchefstroom verkies is.<sup>14</sup> Nadat kmdt.-genl. Piet Potgieter in 1854 by Makapaansgrot gesneuwel het, is Schoeman die volgende jaar in sy plek as kommandant-generaal van Soutpansberg verkies<sup>15</sup> — 'n amp wat hy tot in 1858 beklee het. Die naam van Soutpansbergdorp, die nedersetting aan die voet van die Soutpansberg, het Schoeman na Schoemansdal verander en dié dorp in 'n florerende handelsentrum ontwikkel.<sup>16</sup>

Ten spyte van sy aanvanklike teenkanting teen die konsepgrondwet vir die Oor-Vaalse gebied, is Schoeman in 1858 as die eerste kommandant-generaal van die Z.A.R. verkies, terwyl M.W. Pretorius die eerste staatspresident was.<sup>17</sup> As kommandant-generaal het Schoeman hom onder meer vir die vasstelling van jaggrense en wildbeskerming beywer;<sup>18</sup> lank voordat Paul Kruger hom in dié verband verdienstelik gemaak het.

Toe J.N. Boshof as staatspresident van die Oranje-Vrystaat bedank het, het M.W. Pretorius in 1859 ook die presidentskap van dié Boererepubliek aanvaar en is J.H. Grobler as waarnemende staatspresident van die Z.A.R. aangewys.<sup>19</sup> Schoeman was van mening dat dié eer hom, as oudste lid van die Uitvoerende Raad, toegekom het. Schoemangesindes op Potchefstroom het na Pretoria opgeruk, Grobler verjaag en op 6 Desember 1860 is Schoeman se aanstelling as waarnemende staatspresident deur die krygsraad bekragtig.<sup>20</sup> Interne woelinge het daartoe gelei dat die Volksraad Schoeman op 17 April 1862 weens "pligversuim" uit sy ampte as waarnemende staatspresident en kommandant-generaal geskors en W.C.J. van Rensburg in sy plek as waarnemende staatshoof aangewys het.<sup>21</sup>

Schoeman het hom steeds as wettige waarnemende president beskou, sodat 'n stryd om die beheer van die goewermentskantoor ontstaan het. In September 1862 is krygswet deur beide strydende partye afgekondig; Schoeman se Volksleger en Van Rensburg se Staatsleger

- 
11. Transvaalse Argiefbewaarpark (hierna T.A.B.), Pretoria: S.S. 1, R. 12/37, p. 51: Permit aan S. Schoeman — F. Rawstone, 31.7.1837; T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 168: Los aantekeninge oor S. Schoeman; *Het Zuid-Westen*, 23.7.1914.
  12. T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 168: R. Preller - G.S. Preller, 1.5.1914.
  13. H.S. Pretorius en D.W. Krüger (reds.), *Voortrekker-argiefstukke 1829-1849* (Pretoria, 1937), pp. 257-259; G. Aucamp (red.), *Suid-Afrikaanse heldegalery*, p. 67.
  14. P. Naudé, *Die geskiedenis van Zoutpansberg 1836-1867* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 1939), p. 59.
  15. T.A.B.: S.S. 7, R. 765/55, p. 455: Notule van Publieke Byeenkoms, Soutpansberg, 19.2.1855.
  16. H.J. de Jager, "Schoemansdal — verste voorpos van Boerebeskawing", *Fleur*, Mei 1948, pp. 9-10; O.J.O. Ferreira, "Schoemansdal: vergane Voortrekker-voorpos", *Die Taalgenoot* 41(3), Februarie 1973, pp. 6-7.
  17. J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek III, 1854-1858, *Suid-Afrikaanse argiefstukke: Transvaal no. 3* (Parow, 1951), p. 167.
  18. A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I: wordingsjare* (Kaapstad, 1950), p. 12; J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek III, 1854-1858, *Suid-Afrikaanse argiefstukke: Transvaal no. 3*, p. 599.
  19. J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek IV, 1859-1863, *Suid-Afrikaanse argiefstukke: Transvaal no. 4* (Parow, 1952), p. 36; J.J. van Heerden, "Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 27(2), 1964 (Kaapstad, 1964), p. 60.
  20. J.H. van Dyk, *Die Burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek 1860-1864* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA (P.U.K.), 1932), p. 58.
  21. J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek IV, 1859-1863, *Suid-Afrikaanse argiefstukke: Transvaal no. 4*, pp. 101, 118-121, 123-126 en 128.

het tot stand gekom.<sup>22</sup> 'n Burgerstryd was onafwendbaar en in Oktober 1862 het Schoeman se Volksleger op Potchefstroom met die Staatsleger, onder aanvoering van kmdt. S.J.P. Kruger, in botsing gekom. Tydens hierdie skermutseling is Schoeman in sy skouer gewond,<sup>23</sup> 'n insident wat later tot 'n familie-oorlewering rondom Schoeman aanleiding sou gee. Schoeman en sy getroue volgelinge het na die Oranje-Vrystaat uitgewyk.<sup>24</sup> Eers op 23 Desember 1863 het die Schoemangesinde Volksleger, onder aanvoering van kmdt. J.W. Viljoen, Pretoria triomfantlik binnege, terwyl die Van Rensburg-regering in die omgewing van Rustenburg gaan veiligheid soek het.<sup>25</sup> Op 5 Januarie 1864 het 'n geveg tussen die Volksleger en Staatsleger by die Krokodilrivier plaasgevind, maar M.W. Pretorius het as vredemaker opgetree en op 15 Januarie 1864 het die strydende partye vrede gesluit.<sup>26</sup> Daarmee was die broederstryd, wat in sinloosheid hier en daar met die Spaanse Burgeroorlog (1936-1939) ooreenstem, iets van die verlede.

Daarna was Schoeman nog van 1865 tot 1867 bevelvoerende kaptein van 'n Pretoriase vrywilligerkorps<sup>27</sup> en van 1868 tot 1869 diplomatieke agent van die Z.A.R. onder die swartes in Soutpansberg.<sup>28</sup> Tydens die presidentsverkieping in 1869 het hy daarin geslaag om uit die veertien kandidate die vyfde meeste stemme op hom te verenig.<sup>29</sup> Daarna het hy hom aan die openbare lewe onttrek. Tydens die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) was hy as gevolg van rumatiek 'n invalide<sup>30</sup> en teen 1885 was hy heeltemal hulpeloos.<sup>31</sup> Siek en vereensaam het Schoeman sy laaste lewensjare in Pretoria deurgebring, waar hy op 19 Junie 1890 op tagtigjarige leeftyd oorlede is.<sup>32</sup> Hy sal as 'n voortrefflike militêre leier onthou word en hoewel sy optrede as staatsman dikwels deur voortvarendheid gekenmerk is, het hy ongetwyfeld die gang van sake in pionier-Transvaal direk of indirek bepaal. Deur sy optrede is die grondwet van die Z.A.R. verfyn en is die noodsaak van die leuse *Eendrag maak mag* opnuut beklemtoon. Simbolies van sy lewe en plek in die geskiedenis van die Z.A.R., lê sy graf net buite die Helde-akker van die Ou Begraafplaas in Pretoria.

Uit sy drie egverbintenisse is nege kinders gebore, van wie die omstrede Boeregeneraal Hendrik Schoeman (1840-1901) die bekendste is. Onder Schoeman se bekendste kleinseuns was die taalstryder, joernalis en geskiedskrywer Gustav Preller (1875-1943), die eksentrieke propagandis en skrywer Johan Schoeman (1887-1967) en die skrywer en volkekundige P.J. Schoeman (1904-1988). 'n Agterkleinseun van Stephanus Schoeman, Hendrik Schoeman, destyds Minister van Vervoerwese, het in 1986 die eer te beurt geval om — soos sy oorgrootvader — tydens pres. P.W. Botha se besoek aan die buiteland die amp van

- 
22. *De Emigrant*, 23.9.1862; J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek IV, 1859-1863, *Suid-Afrikaanse argiefstukke: Transvaal no. 4*, pp. 648-649.
23. T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 167, nrs. 304-308: Uittreksels uit *Het Volksblad*, 4-11-1862 en 6.11.1862; *De Tijd*, 14.1.1863.
24. *Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette*, 31.10.1862.
25. H.W. Grimsehl, "Die rol van Stephanus Schoeman tydens die Burgeroorlog (1861-1864)", *Historia* 2(3), Des. 1957, p. 237.
26. T.A.B.: A. 160 H.C. Stiemens-aanwins: Manuskrip 'Oude tijden in Natal en Transvaal', pp. 38-39; *De Tijd*, 27.1.1864.
27. T.A.B.: S.S. 68, R. 757/65, pp. 101-105: Reglement van Pretoria Rifle Corps, 6.7.1865.
28. T.A.B.: S.S. 118, Supplementêre Stukke 1869, p. 41: Joernaal van S. Schoeman, Mei 1868 - Jan. 1869; T.A.B.: U.R. 3, pp. 155-157: Notule van Uitvoerende Raad, 27.10.1869.
29. S.P. Engelbrecht, "Pretoria se lot met een stem beslis", *Die Volkstem*, 10.10.1930, p. 21.
30. Lady Bellairs, *The Transvaal War 1880-1881* (Faksimile-herdruk, Kaapstad, 1972), pp. 176-177.
31. T.A.B.: S.S. 3866, R. 5648/85, p. 116: W.W. Maré - President en Uitvoerende Raad, Z.A.R., 12.11.1885.
32. T.A.B.: Boedel 5518/1890: Sterfkennis van S. Schoeman, 19.6.1890.

waarnemende staatspresident te beklee.<sup>33</sup>

### 3. 'n Ontleding van die familie-oorlewering

Om die egtheid van die oorlewering te probeer bepaal, is dit nodig om bepaalde elemente daarvan vervolgens van naderby te beskou en in historiese konteks te plaas:

*Ek weet van geen boek waarin dit al opgeteken is nie ...*

Hoewel P.J. Schoeman sy vader, Stephanus Schoeman, aan die woord gestel het, kan aanvaar word dat P.J. Schoeman, synde 'n akademikus en 'n boekeman, waarskynlik self die moontlike neerslag van die oorlewering in publikasies sou gekontroleer het. Tydens navorsing vir hierdie referaat is die mees voor-die-hand-liggende publikasies, soos die werke van D.W. Krüger,<sup>34</sup> A.G. Oberholster,<sup>35</sup> John Fisher<sup>36</sup> en L.E. van Niekerk,<sup>37</sup> maar ook haas elke ander bron geraadpleeg wat moontlik na dié insident sou kon verwys, maar sonder enige sukses.

*Die Engelse vlag het toe uiteindelik ook aan Transvaal en Vrystaat se vlagpale gewapper ...*

'n Verwysing na die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek wat na afloop van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as kroonkolonies by die Britse Ryk ingelyf is.<sup>38</sup>

*Oom Paul moes as banneling, in Clarence, Switzerland, sy laaste dae deurbring.*

Teen die einde van Mei 1900 was die Z.A.R.-regering genoodsaak om Pretoria te ontruim. As gevolg van die Britse opmars na Oos-Transvaal moes pres. S.J.P. Kruger en die regering uiteindelik na Nelspruit retireer. As gevolg van die algemene ongunstige wending wat die oorlog geneem het, het die Uitvoerende Raad besluit dat Kruger, vanweë sy hoë ouderdom, om te verhoed dat hy in die hande van die vyand beland en om die Boeresak in Europa te bepleit, vir 'n tydperk van ses maande na Europa moes gaan. Op 19 Oktober 1900 het die President en sy gevolg aan boord van die *Gelderland* uit Lourenço Marques na Europa vertrek, waar hy in Nederland in Den Haag, Utrecht en Hilversum, maar ook tydelik in die suide van Frankryk, gebly het. In die somer van 1904 het hy en sy gevolg na Switzerland verhuis en hulle intrek in die Villa des Pierriers 17, Clarens, naby Montreux, geneem.<sup>39</sup>

*Sy vrou was toe al grond toe.*

Pres. Kruger se tweede eggenote, Gezina Susanna Frederika Wilhelmina du Plessis, is op 6 Mei 1831 in die Tarka gebore. Gezina of Sanna soos sy genoem is, is in 1847 met Paul Kruger getroud. Sy was gedurende hulle lang getroude lewe 'n beskeie, moederlike huisvrou en 'n getroue lewensgesellin vir haar man. Sestien kinders is uit die huwelik gebore, maar 'n aantal is jonk dood.<sup>40</sup> Weens haar swak gesondheid kon Gezina nie haar man in 1900

33. P. Muller, "Kleurryke Schoemans het al diep spore getrap ...", *Beeld*, 11.11.1986.

34. D.W. Krüger, *Paul Kruger II, 1883-1904* (Johannesburg, 1963).

35. A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell 1900-1904* (Pretoria, 1972).

36. J. Fisher, *Paul Kruger: his life and times* (London, 1974).

37. L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n biografie van dr. W.J. Leyds* (Pretoria, 1985).

38. Vir 'n bondige samevatting van die verloop van die Anglo-Boereoorlog, kyk: F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, 1991), pp. 13-15.

39. A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell 1900-1904*, pp. 2-3.

40. D.W. Krüger, *Paul Kruger I, 1825-1883* (Johannesburg, 1961), pp. 34-35.

na Europa vergesel nie en het sy in Pretoria agtergebly. In Hilversum, Nederland, het pres. Kruger die berig uit Pretoria ontvang dat Gezina op 20 Julie 1901 oorlede is. Nadat sy lyfarts, dr. G.M.A. Heymans, die boodskap aan hom oorgedra het, het hy kalm gebly, sy Bybel gevra en sonder om 'n traan te stort, op sy knieë geval en gebid.<sup>41</sup> Mev. Kruger is op 21 Julie 1901 in die begraaftplaas in Kerkstraat-Wes, Pretoria, begrawe.<sup>42</sup>

... my oorlede vader se lieflingsdogter ...

Stephanus Schoeman (die oue) se lieflingsdogter was Elsje Maria Aletta Stephina (Fig. 3), wat die troetelnaam Poppie of Pop gehad het. Sy is op 21 November 1862 aan die Kliprivier in die Oranje-Vrystaat gebore en was die jongste van vyf kinders uit Stephanus Schoeman se derde huwelik met Elsje Maria Aletta van Heerden, die weduwee van kmdt.-genl. P.J. Potgieter. As bewys van hulle opregte liefde vir mekaar het die Schoemans die dogtertjie 'n kombinasie van hulle eie voorname gegee.<sup>43</sup> Dat Poppie juis in die Oranje-Vrystaat gebore is, is daaraan te danke dat Stephanus Schoeman en sy gevolg tydens die burgerstryd in Oktober 1862 voor die Staatsleger oor die Vaalrivier uitgewyk en hulle in die omgewing van die samevloeiing van die Klip- en die Vaalrivier skuilgehou het.<sup>44</sup> Dáár het Schoeman se familie later by hom aangesluit, in 'n tydelike woning in "zeer bekrompene omstandigheden" geleef<sup>45</sup> en het Poppie die eerste lewenslig aanskou terwyl haar pa en sy volgelinge reeds weer na Transvaal vir die herinname van Potchefstroom onderweg was.<sup>46</sup>

Poppie het in Pretoria met Wynand Wilhelmus Maré (\* Schoemansdal, 23 Julie 1856),<sup>47</sup> seun van landdros Dietlof Siegfried Maré (1824-1890) en Johanna Elizabeth Kruger († 1874),<sup>48</sup> in die huwelik getree. Uit die huwelik is die volgende kinders gebore: Stephanus (11 Mei 1882 - 16 Oktober 1918); Maud Johanna (20 September 1883), wat met Barend W.J. Steenkamp († Pretoria, 19.7.1964) van die plaas Blauwkoppies, distrik Piet Retief, getroud was, maar dit was volgens Steenkamp se sterfkennis 'n kinderlose huwelik; Dietlof Siegfried (2 Julie 1885 - 14 Oktober 1913); Clara Elizabeth Johanna van Hoogenhouck Tulleken (14 Augustus 1886 - 24 November 1959), wat ten spyte van haar vreemde voorname 'n oujongnooi geword het; Elsie (24 Desember 1887 - 1 Julie 1888); Wynand Léon (29 Desember 1888 - 13 Oktober 1918); Elsie Veria (\* 26 April 1890), wat met Michael Whitehead in die huwelik getree het en skynbaar later geen kontak met haar familie gehad het nie; en Ewald (\* 1892), wat slegs sewe maande geleef het.<sup>49</sup> Wynand Wilhelmus Maré, 'n agent van Pretoria, het Poppie op 18 Januarie 1895 op 38-jarige leeftyd ontval. In sy testament het hy Poppie en sy broer, Paul Maré, as voogde oor sy kinders aangestel en het

41. D.W. Krüger, *Paul Kruger II, 1883-1904*, pp. 257 en 282.

42. A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell 1900-1904*, p. 50.

43. O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde: Stephanus Schoeman in Transvaal*, pp. 53 en 284.

44. J.P. la G. Lombard, *Paul Kruger: die volksman* (Pretoria, 1925), p. 76; F.A. van Jaarsveld, *Die eenheidsstrewes van die republikeinse Afrikaners I: pioniershartstogte (1836-1864)* (Johannesburg, 1951), p. 303.

45. T.A.B.: A. 160 H.C. Stiemens-aanwins: Manuskrip 'Oude tijden in Natal en Transvaal', pp. 34-35.

46. T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 167, nrs. 322 en 323: Uittreksels uit *Het Volksblad*, 23.12.1862, en *De Tijd*, 28.1.1863.

47. Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, Pretoria: Grafsteen van Wynand W. Maré.

48. T.A.B.: Boedel 9579/1895: Sterfkennis van W.W. Maré, 18.1.1895; W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II* (Goodwood, 1986), p. 456.

49. Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, Pretoria: Grafstene van Stephanus Maré, Dietlof S. Maré, Clara E.J.V.H.T. Maré, Elsie Maré, Wynand L. Maré en Ewald Maré; T.A.B.: Boedel 9579/1895: Sterfkennis van Wynand W. Maré, 18.1.1895; Sentrale Argiefbewaarplek (hierna S.A.B.), Pretoria: Boedel 177/1947: Sterfkennis van Elsie M.A.S. Maré, 3.1.1947; S.A.B.: Boedel 6682/1964: Sterfkennis van Barend W.J. Steenkamp, 19.7.1964.



**Figuur 3.** Elsie Maria Aletta Stephina (Poppie) Maré (née Schoeman) (1862-1947), liefjingsdogter van kmdt.-genl. Stephanus Schoeman, wat volgens oorlewering 'n huweliksaanzoek van pres. S.J.P. Kruger van die hand gewys het.

Foto: D.S.M. Potgieter, Eeufesstraat 167, Pretoria-Noord.

hy sy besittings aan sy eggenote bemaak, met uitsluiting van die vaste eiendom wat hy van sy eie ouers geërf het. Laasgenoemde bepaling het groot twis tussen Poppie en Paul Maré veroorsaak, sodat laasgenoemde in een van sy briewe aan die Weesheer na Poppie as "a troublesome woman" verwys het.<sup>50</sup> Volgens hulle sterfdatums en inligting in Poppie se boedel, is vyf van Wynand en Poppie se kinders voor die einde van 1918 oorlede en het slegs drie dogters, naamlik Maud, Clara en Elsie Veria, hulle moeder oorleef. Poppie het dus herhaaldelik by die oop grafte van haar dierbares gestaan.

Stephanus Schoeman se gesondheidstoestand en finansiële posisie het teen 1878 so versleg dat hy verplig was om sy plaas Klein-Schoemansdal, aangrensend aan Pretoria, te verkoop. Hy het daarna by Wynand en Poppie Maré op 'n plaas tussen Daspoort en Wonderboom gewoon.<sup>51</sup> Geleidelik het Stephanus Schoeman se toestand versleg sodat hy teen die einde van 1885 heeltemal hulpeloos was.<sup>52</sup> Enkele jare later het die Marés na Strubenstraat-Oos in Pretoria verhuis.<sup>53</sup> Dit was in hierdie tyd dat pres. S.J.P. Kruger, Schoeman se groot teenstander van vroeër, hom in die Marés se huis besoek het. Na die gebruikelike geselsie onder dergelike omstandighede het die vrome pres. Kruger aan Stephanus Schoeman gevra: "Generaal, kan ek vir jou 'n gebed doen?" Swak soos hy was, het Schoeman onmiddellik geantwoord: "Ja, Paul, op voorwaarde jy bid vir jouself ook."<sup>54</sup>

*... en hy vra haar om sy ballingskap as sy vrou met hom te kom deel.*

Gebore in 1825, was pres. S.J.P. Kruger (Fig. 4) tydens sy verblyf in Switserland in 1904 reeds 78 jaar oud, terwyl Poppie Maré, gebore in 1862, slegs 41 jaar oud was. Dit is nogal 'n aansienlike ouderdomsverskil vir enige huweliksverbintenis, maar aan die ander kant kan aanvaar word dat Kruger en Poppie mekaar waarskynlik goed geken het.

*"My vader is met 'n koeël van 'n Kruger-man, in sy bo-been graf toe."*

Stephanus Schoeman het op 19 Junie 1890 op tagtigjarige leeftyd in die huis van die Marés in Strubenstraat-Oos, Pretoria, gesterf.<sup>55</sup> Die volgende dag het Wynand Maré die Volksraad skriftelik van sy skoonvader se dood verwittig. Op voorstel van die Voorsitter het die Volksraad om 15:30 verdaag sodat hulle die laaste eer aan die ontslapene kon gaan betoon. Buite die Raadsaal het Vierkleur halfmas gewapper.<sup>56</sup> By die sterfhuis aangekom, het pres. Kruger by die stoflike oorskot van sy ou teenstander gaan staan, stip na die strak gesig gekyk, 'n paar onhoorbare woorde geprewel en die vertrek verlaat.<sup>57</sup> In Schoeman se skouer was nog steeds die koeël wat hom op Potchefstroom getref het.<sup>58</sup>

Stephanus Schoeman is in sy skouer — dus nie in sy bobeen nie — gewond in die tydperk toe hy as waarnemende president van die Z.A.R. geskors was, maar hy homself nog steeds

- 
50. T.A.B.: Boedel 9579/1895: Sterfkennis van Wynand W. Maré, 18-1-1895, Testament van Wynand W. Maré en Korrespondensie; Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, Pretoria: Grafsteen van Wynand W. Maré.
  51. Aktekantoor, Pretoria: Transportaktes nrs. 1086/6.11.1878; 1087/6.11.1878 en 1088/6.11.1878; Skriftelike mededeling: P.J. Schoeman, Van der Stelstraat 53, Stellenbosch, 6.4.1874; Lady Bellairs, *The Transvaal War 1880-1881*, p. 176.
  52. T.A.B.: S.S. 3866, R. 5648/85, p. 116: W.W. Maré, Pretoria — President en Uitvoerende Raad, Z.A.R., 12.11.1885.
  53. T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 169, p. 316: Doodberig van S. Schoeman.
  54. J. Schoeman, *Generaal Hendrik Schoeman - was hy 'n verraaier?* (Pretoria, 1950), pp. 18-19.
  55. T.A.B.: Boedel 5518/1890: Sterfkennis van Stephanus Schoeman, 19.6.1890.
  56. *The Transvaal Advertiser*, 20.6.1890; *The Transvaal Observer*, 21.6.1890.
  57. H.C. Marais, "Schoemansdal revisited", *Pretoria News*, 18.10.1913.
  58. *De Volksstem*, 23.6.1890; T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 169, pp. 285-293: 'Een blik in 't verleden'.



*S. J. P. Kruger*

**Figuur 4.** Pres. S.J.P. Kruger (1825-1904) afgeneem tydens sy ballingskap in Europa.

Foto: Inligtingsdiens van Suid-Afrika, Pretoria.

as die bekleër van die amp beskou het. Op 18 September 1862 het Schoeman krygswet afgekondig,<sup>59</sup> maar sy teenparty het nie op hom laat wag nie en die volgende dag ook krygswet afgekondig.<sup>60</sup> Die Staatsleger het op 26 September 1862 'n ultimatum aan die Volksleger gestel dat hulle moes sorg dat Stephanus Schoeman en twee ander persone "wegens rebellie teen het wettig gezag" voor die Krygsraad verskyn.<sup>61</sup> Die ultimatum is deur Schoeman en sy Volksleger geïgnoreer.<sup>62</sup> Alle pogings tot onderhandelinge het misluk en kmdte.-genl. T.J. Snyman en J. van Dyk van die Staatsleger het dus op 6 Oktober 1862 die oorgawe van Potchefstroom geëis.<sup>63</sup> In en om Potchefstroom was alles gereed vir die eerste geveg van die burgerstryd in pionier-Transvaal. Die geveg by Potchefstroom het die oggend van 7 Oktober 1862 begin. 'n Klompie burgers van die Staatsleger onder bevel van kmdt. S.J.P. Kruger het die dorp van die suidekant met kanonvuur aangeval, maar Schoeman se Volksleger het dadelik met kanon- en geweervuur geantwoord. Vanweë die weersin aan beide kante om broederbloed te vergiet, is weinig skade aangerig en was daar geen enkele gesneuweldes of gewondes nie; "onder de dooden telde men slechts een onnoozel vinkje en onder de gekwesten een zak meel en een paar oude gevels".<sup>64</sup> Op 8 Oktober het die geveg maar op dieselfde trant voortgegaan, maar op 9 Oktober 1862 het die stryd in felheid toegeneem. Tog was daar wonderbaarlik min ongevalle. Aan Schoeman se kant het slegs Hendrik Pretorius gesneuwel, terwyl sewe of agt burgers gewond is. Ook Stephanus Schoeman self is in hierdie geveg in sy skouer gewond. Van Kruger se burgers is slegs twee lig gewond, terwyl P.J. Botha per ongeluk deur 'n kanon gedood is.<sup>65</sup> Kmdt. S.J.P. Kruger het as kommandant slegs die bevel van kmdte.-genl. T.J. Snyman en J. van Dyk uitgevoer, maar in die praktyk was hy in hierdie stadium reeds op sowel militêre as politieke gebied hulle meerdere. Dit is dus geen wonder dat hy deur Schoeman en sy volgelinge as hulle eintlike vyand beskou is nie.<sup>66</sup>

#### *Na die brief het sy ... sommer net begin opdroog.*

Hoe "opgedroog" Poppie Maré na die brief was, is nie bekend nie, maar sy het na die ontvangs van die brief nog 43 jaar gelewe.<sup>67</sup> Sy het na haar man se dood 'n losieshuis in Strubenstraat-Oos, tussen St. Andriesstraat (tans Andriesstraat) en Markstraat (tans Paul Krugerstraat) gehad.<sup>68</sup> Die dood van drie van haar seuns, Dietlof in 1913 en Stephanus en Léon in 1918,<sup>69</sup> laasgenoemde twee waarskynlik as gevolg van die groot griep epidemie, moes wel vir haar 'n harde slag gewees het. Tolstoi Schoeman, seun van Johan Hendrik

59. *De Emigrant*, 23.9.1862.

60. J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek IV, 1859-1863, *Suid-Afrikaanse argiefstukke: Transvaal no. 4*, pp. 648-649.

61. *Verslag van de werkzaamheden van den Krijgsraad der Z.A. Republiek, Sept. en Oct. 1862.*

62. *De Emigrant*, 7.10.1862.

63. *Verslag van de werkzaamheden van den Krijgsraad der Z.A. Republiek, Sept. en Oct. 1862.*

64. T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 167, nrs. 304 en 307: Uittreksels uit *Het Volksblad*, 4.11.1862 en 6.11.1862; *De Tijd*, 14.1.1863. Die aanhaling kom uit laasgenoemde.

65. T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 167, nrs. 304-307: Uittreksels uit *Het Volksblad*, 4.11.1862 en 6.11.1862; T.A.B.: A. 787 G.S. Preller-versameling, 169: Manuskrip 'Uit die ou dae' deur M.A. Smit; T.A.B.: V.R. 481/62, pp. 207-209; T.J. Snyman — Volksraad, 13.10.1862; *Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette*, 24.10.1862, 31.10.1862 en 7.11.1862.

66. Vgl. J.J. van Heerden, "Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 27(2), p. 64, voetnoot 72; J.H. van Dyk, *Die Burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek 1860-1864*, p. 75.

67. S.A.B.: Boedel 177/1947: Sterfkennis van Elsie M.A.S. Maré (geb. Schoeman), 3.1.1947.

68. *Longland's Pretoria directory for 1899* (Faksimile herdruk, Pretoria, 1979), pp. 91 en 184.

69. Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, Pretoria: Grafsteen van Stephanus, Dietlof S. en Wynand L. Maré.



**Figuur 5.** Graf van Poppie Maré (1862-1947) in die Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, Pretoria.

Foto: O.J.O. Ferreira, Pretoria (1996).

Schoeman (1887-1967) en agterkleinseun van kmdt.-genl. Stephanus Schoeman, onthou dat hy as tienderjarige seun saam met sy vader Poppie Maré in haar huis in Arcadia, Pretoria, besoek het. Poppie was toe reeds bejaard, maar die allesoorheersende indruk was sy op die jong seun gemaak het, was dié van 'n besonder sterk karakter.<sup>70</sup>

*Toe sy een oggend dood op haar bed aangetref is ...*

Poppie Maré is op 3 Januarie 1947 in haar huis in Eastwoodstraat 363, Arcadia, Pretoria, in die ouderdom van 84 jaar oorlede<sup>71</sup> en in die Ou Begraafplaas in Kerkstraat-Wes, digby die Helde-akker en die grafte van haar ouers begrawe. (Fig. 5) Op haar grafsteen word vermeld dat sy die dogter van Stephanus Schoeman was, 'n verdere bewys van die noue band wat daar tussen haar en haar vader bestaan het. In die grafskrif kom ook haar troetelnaam, Pop, voor.<sup>72</sup> In haar testament, wat in 1937 opgestel is, het Poppie al haar besittings aan haar oujongnooidogter Clara bemaak. Sy het verder bepaal dat die huis in Eastwoodstraat nie "aan 'n vreemdeling gegee of vermaak [mag] word nie, ook nie aan die man van die Dogter, Clara Elizabeth Johanna van Hoogenhouck Tulleken, in geval sy sou trou" nie. Na die dood van Clara moes 'n som geld aan die Stadstesourier van Pretoria betaal word om te verseker dat die familiegrafte in die Ou Begraafplaas vir 'n tydperk van vyftig jaar, wat dus in 2009 verstryk, behoorlik "beplant en onderhou" word.<sup>73</sup>

*Ek was saam met ander familie in haar kamer, voordat die deksel op die kis vasgeskroef is.*

Dit is onmoontlik dat Stephanus Schoeman (die jonge), die enigste broer van Poppie en vader van P.J. Schoeman, in die sterfkamer van Poppie teenwoordig was, want hy is reeds op 18 April 1943, dit wil sê byna vier jaar voor Poppie, oorlede.<sup>74</sup> Wie wel by Poppie Maré se sterfbed teenwoordig was, is Clara, haar oujongnooidogter wat haar opgepas het.<sup>75</sup>

*... 'n enkele dikkerige koevert ...*

In die Schoeman-oorlewering word die inhoud van die brief nie vermeld nie, maar wel dat dit die brief met Kruger se huweliksaansoek was.

#### 4. Die betekenis en waarde van hierdie oorlewering

Oorleweringe is belangrik omdat dit aan die navorser inligting verskaf wat andersins moeilik of nooit deur die navorser vasgestel sou word nie.<sup>76</sup> P.J. Schoeman se verhaal oor sy tant Poppie is 'n familie-oorlewering wat nêrens in boeke oor pres. S.J.P. Kruger opgeteken is nie. Dit mag wees dat die biograwe van Kruger nooit die verhaal gehoor het nie. Dit mag wel wees dat hulle die verhaal gehoor het, maar dat hulle dit as so vergesog beskou het dat hulle dit as onwaar verwerp het. Dit mag ook wees dat hulle die verhaal geken het, maar dit as so degraderend vir die beeld van die President beskou het dat hulle dit eenvoudig geignoreer het.

Hoewel oorlewering 'n belangrike bron van inligting is, mag die navorser nie sy oë vir die beperkinge daarvan sluit nie. Oorlewering moet altyd krities benader en getoets word,

- 
70. Persoonlike mededeling: Tolstoi Schoeman, Vyeboom, Badplaas, 1190, 21.3.1996.
  71. S.A.B.: Boedel 177/1947: Sterfkennis van Elsie M.A.S. Maré, 3.1.1947.
  72. Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, Pretoria: Grafsteen van Elsie M.A.S. Maré.
  73. S.A.B.: Boedel 177/1947: Testament van Elsie M.A.S. Maré, 22.10.1937.
  74. Vgl. Afdeling Genealogie, R.G.N., Pretoria: Gesinsblad van S. Schoeman (jr.).
  75. S.A.B.: Boedel 177/1947: Sterfkennis van Elsie M.A.S. Maré, 3.1.1947.
  76. W.W. Moss, *Oral history program manual* (New York, 1974), p. 8.

want die getuienis is gewoonlik subjektief en dit kan tot verkeerde interpretasies aanleiding gee.<sup>77</sup> Soos uit die voorafgaande kritiese ontleding en toetsing vir die waarheid van P.J. Schoeman se verhaal oor Poppie Maré en haar verhouding met pres. Kruger blyk, is party elemente waar, ander mag waar wees en ander is bo alle twyfel as onwaar bewys.

Elke verteller moet geëvalueer word, want sy betroubaarheid hang gewoonlik van sy betrokkenheid by 'n bepaalde gebeurtenis af. Die verteller is onlosmaaklik deel van die historiese proses; hy is gebonde. Hierdie gebondenheid kan in drie kategorieë ingedeel word, naamlik persoonlike gebondenheid, dit wil sê gebondenheid aan sy eie persoonlikheid, aanleg, oortuigings en denkbegrippe; 'n groep- of sosiale gebondenheid, dit wil sê gebondenheid aan byvoorbeeld sy familie, politieke party en volk; en tydgebondenheid, dit wil sê hy is 'n kind van sy tyd en het dus 'n gebondenheid aan die kultuurpatrone en -beskouings van sy eie tyd. In die lig van die voorafgaande oorwegings moet die navorser dus altyd in gedagte hou dat die getuienis van die verteller van 'n oorlewering subjektief is.<sup>78</sup> Uit sy pennevrugte het ons P.J. Schoeman as 'n romantikus leer ken en hierdie voorliefde vir die romantiek het beslis in die vormgewing van die oorlewering neerslag gevind. Die verhaal handel oor P.J. Schoeman se oupa, Stephanus Schoeman, en sy tante, Poppie Maré, sodat hyself indirek en, in 'n sekere sin, selfs direk in familieverband by die verhaal betrokke is. Poppie se verwerping van pres. Kruger se huweliksaansoek in die verhaal kan daarop dui dat die verteller die vete tussen Schoeman en Kruger wil laat voortleef. Dit mag ook wees dat P.J. Schoeman, bewus van die besondere plek wat Kruger in die heldegalery van die Afrikaner inneem, deur hierdie verhaal die President aan sy eie familie wou koppel. Die navorser moet steeds in gedagte hou dat die verteller se herinneringe met die hede verweef is en dat daar dus veranderinge in houding en perspektief by hom ingetree het. By P.J. Schoeman is dit veral merkbaar in die gedeelte van die oorlewering wat as agtergrond vir die eintlike verhaal moet dien. In hierdie gedeelte, wat weens beperkte ruimte nie hierbo weergegee is nie, is dit duidelik dat Schoeman beslis ook uit later verworwe kennis geput het en dat sy siening van gebeure in die vorige eeu daardeur getint is.

Fyner detail wat in oorlewering verstrek word, kan dikwels in geen ander bron gekontroleer word nie, maar anders as wat 'n mens sou verwag, word leuens nie dikwels opsetlik in oorlewering vertel nie. Dit is veral die geval wanneer die verteller daarvan bewus is dat die navorser sy navorsingssterrein deeglik ken en ook ander persone oor dieselfde onderwerp geraadpleeg het of sal raadpleeg. Tog moet die gerieflike vergeetagtigheid van die verteller steeds in gedagte gehou word.<sup>79</sup> Aan P.J. Schoeman se eerlikheid kan daar nie getwyfel word nie; trouens, in sy brief van 6 April 1974 skryf hy: "Ek self weet nie of dit feit of fiksie is nie." P.J. Schoeman, die volkekundige wat 'n deeglike kennis van die waarde en slaggate van mondelinge oorlewering gehad het, was dus duidelik versigtig wanneer hy met oorlewering omgegaan het — selfs al was sy eie vader die verteller. Dit is interessant dat die agterkleinkinders van kmdt.-genl. Stephanus Schoeman wat tans (1996) nog lewe ôf

---

77. W.W. Moss, *Oral history program manual*, pp. 10-11.

78. Vgl. bv. W.H. Dray, *Philosophy of history* (Englewood Cliffs, 1964), pp. 21-40; P.S. Dreyer, *Inleiding tot die filosofie van die Geskiedenis* (Kaapstad/Pretoria, 1974), pp. 84-95; H. Meyerhoff (ed.), *The philosophy of history in our time* (New York, 1959), pp. 188-202; F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot Geskiedenis* (Durban/Pretoria, 1982), pp. 69-112; W.H. Walsh, *An introduction to philosophy of history* (London, 1964), pp. 94-118.

79. W.W. Moss, *Oral history program manual*, pp. 39-40.

onbewus òf slegs vaagweg van hierdie oorlewering bewus is.<sup>80</sup> Tot op datum kon nie daarin geslaag word om enige direkte nasate van Poppie Maré, dit wil sê kinders of kleinkinders van Michael Whitehouse en sy vrou Elsie Veria Schoeman, op te spoor nie.

Die betekenis en waarde van hierdie oorlewering wat deur P.J. Schoeman opgeteken is, lê op verskillende vlakke. Eerstens stel dit aan navorsers inligting beskikbaar wat, sover vasgestel kon word, in geen ander bron neerslag gevind het nie. Tweedens dwing dit studente, navorsers en studieleiers om weer deeglik oor die waarde en gebreke van oorlewering te besin. Derdens dwing dit dosente om in hulle leerplanne groter klem op die metodologie rondom oorlewering te lê — veral in hierdie tydsgewrig waarin "oral tradition" en "people's history" modewoorde geword het. Laastens laat hierdie oorlewering 'n mens opnuut beseft dat indien die verhaal waar sou wees, oorlewering in die geskiedenis en kultuurgeskiedenis net so ontroerend en opwindend as die neerslag van die uitnemendste vlugte van die verbeelding in fiksie kan wees.

---

80. Mondelinge mededelings: H. Meiring Schoeman, Posbus 39289, Moreletapark, Pretoria, 17.3.1996; Tolstoi Schoeman, Vyeboom, Badplaas, 1190, 21.3.1996; mev. S.C.S. Dirkse van Schalkwyk, Lynnwood-Oord 22, The Hillside 315, Lynnwood, Pretoria, 0081, 21.3.1996; mev. H.C. van Niekerk, Olifantweg 38, Monumentpark, Pretoria, 0181, 21.3.1996; mev. G.J. van Vuuren, Rodericksweg 479, Lynnwood, Pretoria, 0081, 21.3.1996. Hierdie persone is almal agterkleinkinders van kmdt.-genl. Stephanus Schoeman.